Terugvoer (deur mnr Moelich) ten opsigte van munisipale waardasie van die volgende vergelykbare erwe word tydens die vergadering aan die Komitee voorgelê:

- Erf 1395, (Grootte 648m²) Struisbaai : Munisipale waardasie R190 000
- Erf 2837, (Grootte 731m²) Struisbaai : Munisipale waardasie R150 000
- Erf 2838, (Grootte 700m²) Struisbaai : Munisipale waardasie R150 000

UBK BESLUIT BK218/2017: 1 DESEMBER 2017

- (i) Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling nie as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word nie.
- (ii) Dat die aangeleentheid terugverwys word vir verdere ondersoek en die inwin van 'n markwaarde as residensiële eiendom (in plaas van 'n publieke oop ruimte).

KOMMENTAAR: MNR TALJAARD

*"U skrywe gedateer 14.12.2017 het betrekking. Met betrekking tot bovermelde besluit lei ek af dat al die feite in my her-aansoek gedateer 01.02.2016 **nie** tot die komitee se aandag gebring is nie, en wil ek vriendelik dog dringend versoek dat dit wel tydens die volgende Uitvoerende Bestuurskomitee vergadering in ag geneem sal word.*

Vermelde feite waarna ek verwys is as volg:

1. *My eerste aansoek om die aankoop van die betrokke gedeelte van erf 2789 is 10 jaar gelede reeds gedoen.*
2. *Ek is toe persoonlik deur die Munisipale Bestuurder ingelig dat die munisipaliteit se Gemeenskaps Ontwikkelings raamwerk – projek eers afgehandel moes word alvorens my aansoek aandag sou geniet.*
3. *My her-aansoek sloer reeds 2 jaar (sien my vorige skrywe gedateer 01.02.2016).*
4. *Ek wil slegs n gedeelte van erf 2789 ('n munisipale oop ruimte) bekom ten einde my eie erf (erf 2790) te vergroot, aangesien ek myself en my gesin in Junie 2018 permanent hier gaan vestig en 'n dringende behoefte aan ruimte vir o/a 'n dubbel motorhuis het.*

5. *Ek moes reeds met u kantoor onderneem om die betrokke gedeelte van erf 2789 te laat konsolideer met my bestaande eiendom (erf 2790), sou die aansoek goedgekeur word. Dit sal dus dan deel van my bestaande erf vorm.*
6. *Afgesien van bovermelde feite sal ek dit waardeer indien u ook die volgende aspekte in ag sal neem:*
7. *Die betrokke stuk grond word aan 2 sye begrens deur 'n onooglike industriële gebou (Telkom substasie) en 'n beboste erf (die betrokke oop ruimte - erf 2789) waarvan dit tans deel vorm.*
8. *Met inagneming van punt 3.5 sal dit uiters onregverdig wees om die betrokke gedeelte grond as 'n residensiële erf te beskou terwyl dit deel sal vorm van my bestaande erf, sou die aansoek goedgekeur word.*

Ek vertrou dat my aansoek op sy eie meriete en met inagneming van al bovermelde feite beoordeel sal word."

BESTUURSAANBEVELING

Dat die genoemde perseel nie vervreem word nie, aangesien die Raad die terrein vir moontlike ontwikkeling kan gebruik.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

BESLUIT BK101/2018

Dat daar gekyk word na die "Spatial Development Framework" vir daardie spesifieke area en 'n verslag daarna aan die Raad voorgelê word.

7.3.12 **AANSOEK OM LANGTERMYN VERHURING: ERF 214, WAENHUISKRANS (COLLAB: 175844) (WYK 6)**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van me Rovina Europa ten einde erf 214, Waenhuiskrans by die Raad te huur (liggingsplan aangeheg op **bladsy 353**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars : KAM
Ligging : Erf 214, Hoofweg, Waenhuiskrans
Erf Grootte : 1509m²
Bestaande grondgebruik : Enkel Residensieel

AGTERGROND

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 354** is van me Europa ontvang om erf 214, Waenhuiskrans op 'n langtermyn basis te huur.

Mee Europa en Marthinus, handeldrywend as "Southern Whales Akkommodasie" huur vanaf 1 Junie 2013 die huis op erf 214, Waenhuiskrans (huurooreenkoms aangeheg op **bladsy 355 tot 363**). Die huurgeld wat deur die huurder betaal moet word, beloop R137,94 per maand met 'n jaarlikse eskalاسie van 10%. Die huis word gebruik as 'n bed-en-ontbyt asook korttermyn akkommodasie. Finansiële opsommings word aangeheg op **bladsy 364 tot 366**.

MARKWAARDASIE

R4 800,00 per maand (aangeheg op **bladsy 367 tot 372**)

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Huurinkomste vir die Raad.

WETLIKE IMPLIKASIES

Council policy	Alienation of land
MFMA	<ol style="list-style-type: none"> 1. Sect 14(2)(a): asset not required for minimum level of basic services. 2. Sect 14(2)(b): consider fair market value and economic and community value to be received in exchange for the asset. 3. Items in 1 and 2 only to be complied with if the asset to be transferred is a high value asset (see definition of MATR below). 4. Sect 33: Contracts having long term financial implications.
MATR	<ol style="list-style-type: none"> 1. Definition of "high value asset": <i>"fair market value of the capital asset exceeds any of the following amounts:</i> <ol style="list-style-type: none"> a) R50 million; b) One percent of the total value of the capital assets of the municipality.... c) An amount determined by resolution of the council of the municipality which is less than (a) or (b). 2. Definition of "realisable value": fair market value <u>less</u> estimated costs of completion. 3. Definition of "right to use, control or manage": when granting such rights do not amount to permanent transfer or disposal. 4. Regulation 5 (decision-making). 5. Regulation 6 (public participation)
SCM Regulations SCM Policy	Regulation 40: (Disposal Management) Project for job creation, skills development, poverty alleviation and economic growth
Systems Act (public participation)	<p>Section 21A: (1) All documents that must be made public by a municipality in terms of a requirement of this Act, the Municipal finance Management Act or other applicable legislation, must be conveyed to the local community:</p> <ol style="list-style-type: none"> (a) by displaying the documents at the municipality's head and satellite offices and libraries; (b) by displaying the documents on the municipality's official website, if the municipality has a website as envisaged by section 21 B; and (c) by notifying the local community, in accordance with section 21, of the place, including website address, where detailed particulars concerning the documents can be obtained.
Town Planning legislation	All surrounding property owners be informed of the temporary use of the site.

DEPARTEMENTELE KOMMENTAAR

MUNISIPALE BESTUURDER

Please provide more information regarding the history of the rental of this property and what the payment history of the rental amount was over the last rental period. Then there is also the fact that the applicant is the wife of one of our councillors. What does the legislation determine in this regard.

Remembering how we handled the rental amount of a property rented by another councillor (Swart Street) should also determine the rental amount here (market related) as the situation has changed.

DIREKTEUR: GEMEENSKAPSDIENSTE

No objections.

AFDELINGSHOOF: STRATEGIESE, BEPLANNING EN ADMINISTRATIEWE DIENSTE

This project is supported by the LED Office.

The applicant concluded a lease agreement with the Municipality for the lease of the premises from 1 June 2013 to 31 May 2018. The applicant has made substantial improvements to the property at her own cost and has on multiple occasions requested to purchase the property. The contract is silent on the question of improvements.

These requests to purchase were not supported by the LDC due to the fact that the property would have to be made available on the open market, and the applicant would not receive any compensation for her investment which would be contrary to the intention of the establishment of it as a LED project.

The request to lease the property on a long term basis is therefore a more viable option and is supported. The new contract needs to be specific on the question of improvements.

BESTUURDER: ELEKTRIESE MEGANIESE DIENSTE

No impact on the electrical infrastructure, but any upgrades required to existing supply is for the tenants account.

BESTUURDER: ADMINISTRATIEWE DIENSTE

Die aansoek kan ondersteun word vir die "verlenging van die huurkontrak", vir 'n verdere termyn van 3-5 jaar.

SENIOR SPESIALIS STADSBEPLANNER

Vervreemding op publieke veiling sou die Raad dit goedgeunstiglik oorweeg.

BESTUURDER: WATER EN RIOOL

Water en riool: Dienste is reeds bestaande.

BESTUURDER: STRATE EN STORMWATER

In orde met strate en stormwater.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die bestaande ooreenkoms vir 'n verdere 3 jaar verleng word, onder die bestaande voorwaardes.
- (ii) Dat die markverwante huur betaalbaar sal wees met ingang van die nuwe kontrakdatum.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling nie aanvaar word nie.
- (ii) Dat die bestaande kontrak op dieselfde voorwaardes vir 3 maande verleng word om aan die LED afdeling geleentheid te gee om 'n volledige ondersoek te doen oor die volhoubaarheid van die projek asook moontlike hulpverlening wat gebied kan word.

(Raadslid Europa nie teenwoordig tydens bespreking van die aangeleentheid nie.)

BESLUIT BK102/2018

- (i) Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
- (ii) Dat daar binne bogenoemde 3 maande 'n verslag na die Raad gebring word oor hoe die Raad hierdie eiendom in die toekoms gaan hanteer (bv. verkoop/adverteer).

7.3.13 **KONSOLIDASIE VAN SKULD VIR DIENSTE: UKHANYO CHICKENS CO-OPERATIVE LTD**

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van Ukhanyo Chickens Co-Operative LTD ten einde hul skuld vir dienste vir die jaar 2017 te konsolideer.

AGTERGROND

'n Gedeelte van Erf 1148, Bredasdorp, ongeveer 3ha is toegeken aan Ukhanyo Chickens Co-Operative LTD. Die huurgeld soos goedgekeur deur die Raad beloop R625,50 per jaar (huurooreenkoms aangeheg op **bladsy 373 tot 376**).

'n Skriftelike versoek, soos aangeheg op **bladsy 378 tot 381** is van Ukhanyo Chickens Co-operative ontvang om die Huurooreenkoms te hersien deur die werklike datum aan te dui waarop die grond begin beset is asook om hul skuld vir dienste te konsolideer vir die jaar 2017 (diensterekening aangeheg op **bladsy 382**).

FINANSIËLE IMPLIKASIES

Verlies aan inkomste.

BESTUURSAANBEVELING

- (i) Dat die huurder, in gevolge die bestaande ooreenkoms 6 maande gegee word om "bevestiging van finansiële ondersteuning" van Departement Landbou te verkry.
- (ii) Dat 'n vorderingsverslag weer aan die Raad voorgelê word.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
- (ii) Dat die LED afdeling in gesprek tree met Department Landbou oor die pro-aktiewe optrede ten opsigte van lewensvatbaarheidstudies op potensiële landbou projekte.

BESLUIT BK103/2018

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.3.14 **FASE 3 VAN AREA H BEHUISINGSONTWIKKELING IN BREDASDORP (B1923 - BSSB) (WYK 2)**

DOEL VAN VERSLAG

Om die goedgekeurde uitleg van Fase 3 Area H, Bredasdorp weer in oënskou te neem en 'n besluit te neem ten opsigte van die wenslikheid van die uitleg.

AGTERGROND

Op 14 Februarie 2013 neem die voormalige Munisipale Bestuurder die volgende besluit:

Dat die Raad goedkeuring ingevolge die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) verleen vir die volgende:

1. Konsolidasie van erwe 1923 en 1924, Bredasdorp.
2. Hersonerig van die gekonsolideerde erf na Onderverdelingsgebied vir Enkel Residensiële, Publieke Oopruimte, Straat en die Restant doeleindes.
3. Die onderverdeling en sonering van gekonsolideerde erwe 1923 en 1924, Bredasdorp om die volgende toe te laat:
 - 187 Enkel Residensiële erwe
 - 3 Publieke Oopruimtes
 - 3 Gedeeltes straat
 - 1 Restant gedeelte grond

4. Verslapping / Afwyking van boulyne wat verband hou met enkel residensiële erwe om 0 meter kantboulyne en 0 meter straatboulyne toe te laat.
5. Verslapping / Afwyking van die dekking wat verband hou met enkel residensiële erwe.
6. Fasering van die projek.

Bogenoemde goedkeuring is onderhewig aan die volgende voorwaardes, soos neergelê ingevolge Artikel 42 van die Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (15 van 1985), naamlik dat:

- (a) Dat geen aktiwiteite wat 'n openbare oorlas tot gevolg kan hê mag uitgeoefen word nie.
- (b) Dat bouplanne van alle strukture by die Raad ingedien word vir goedkeuring voordat konstruksie in aanvang neem nadat dienste voltooi is en aanvaar is.
- (c) Dat die nuutgeskepte erwe herwaardeer en dienoreenkomstig belas word.
- (d) Dat die Raad voorsien word van die goedgekeurde Landmeter-Generaal diagramme en/of Algemene Planne.
- (e) Dat gesondheidsvereistes aan voldoen word wat van tyd tot tyd deur die Raad neergelê mag word.
- (f) Dat die aansoeker/ontwikkelaar verantwoordelik sal wees vir alle interne- en eksterne dienste wat uit hierdie aansoek mag voortspruit, soos bepaal deur aanstellingsbrief.
- (g) Dat enige bestaande serwitute wat uit die titelaktes mag voortspruit gehandhaaf word.
- (h) Dat die dienste-ontwerp opgestel word en aan die Raad voorgelê word vir goedkeuring en dat die ontwerp volgens die riglyne van "Guidelines for the Provision of Engineering Services in Residential Townships" uitgegee deur die Departement van Openbare Werke en Grondsake, gedoen word.
- (i) Dat geen konstruksie sal in aanvang neem voordat die planne deur die Raad goedgekeur is nie.
- (j) Dat die Raad voldoende geskikte water beskikbaar stel om die ontwikkeling te bedien, welke water deur die Raad op sodanige punt of punte op die grens van die ontwikkeling gelewer sal word wat die geskikste vir die Raad is, vir aansluiting by die eksterne verspreidingsstelsel wat die dorp bedien. Dat die Raad die ontwikkelaar vrywaar tans en in die toekoms geheel en al van alle verpligtinge met betrekking tot waterberging en -voorsiening.
- (k) Dat 'n voltooiingsertifikaat deur 'n Ingenieur ingehandig word, waarin gesertifiseer word dat toepaslike toetse uitgevoer is en dat die werke aan die nodige SABS standaard voldoen en dat oornamespeksies deur die Raad gedoen word sodra die werke bevredigend voltooi is, al is die dorpsregister nog nie geopen nie, sodat die retensieperiode in aanvang kan neem. Gedurende die retensieperiode van twaalf maande is die ontwikkelaar verantwoordelik vir die herstel en vervanging van enige ontwerpfoutes asook gebreke in die doeltreffende funksionering van die werke, wat aan die lig kom en enige gebreke in materiale of vakmanskap.
- (l) Dat die Raad na die proklamasie van die ontwikkeling op sy koste alle huishoudelike vullis, in ooreenstemming met sy verordeninge, te verwyder en sal eie reëlins met die eienaars of kopers van erwe in die ontwikkeling vir die verwydering van sodanige vullis tref.
- (m) Dat geen oordrag van 'n erf aan individue sal toegelaat word nie, voordat alle dienste tot bevrediging van die Raad geïnstalleer is nie.
- (n) Dat alle stormwater aansluit by die bestaande stelsel.
- (o) Dat voldoen word aan die vereistes van die Omgewings-impakstudie goedkeuring (ROD) en die Raad hierdie besluit kan wysig na die ROD uitgereik is.
- (p) Dat die suksesvolle tenderaars 'n omgewingsimpakstudie voltooi vir goedkeuring deur die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning.
- (q) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste 'n CES-verslag verkry vir oorweging.
- (r) Dat alle moontlike wetlike vereistes nagekom word.
- (s) Voorsiening gemaak word in die uitleg vir voetganger beweging tussen Langstraat en Parkstraat.

BESPREKING

Die uitleg aangeheg behels die volgende aantal erwe in Fase 3:

- 28 Enkel Woonsonne erwe, waarvan 16 GAP erwe, 16 Dupleks erwe en 6 Semi-detached erwe is.
- 1 Straat
- 1 Kleuterskool

Waarvan die erf groottes as volg beskryf is:

Preliminary Layouts for the sites were prepared making use of three different typologies:

- a) Semi-detached houses on approximately 200m² erven
- b) Row houses on erven ranging between 100m² - 140m²
- c) Detached houses on approximately 300m² erven.

Vanuit 'n stadsbeplanningsoogpunt is die uitleg baie onkonvensioneel, en die rede blyk te wees die maksimale aantal woonerwe wat ge-akkommodeer moes word. Sou die uitleg enigszins gewysig moet word, ten einde voorsiening te maak vir dieselfde of dalk meer aantal erwe of erwe waarvan die uitleg meer ekonomies en 'n blokpatroon vorm word aanbeveel dat die uitleg gewysig word en dat die kleuterskool perseel ge-inkorporeer word in die voorgestelde wysiging.

Die volgende was wenslikheidsfaktore wat in ag geneem is met die eerste uitleg:

- The proposal complies with densification strategies formulated on national, provincial and local spheres.
- No conservation worthy vegetation and / or plants is present. There are no other environmental issues influencing the potential for development.
- The subject property is well located with regards to access to the Central Business District, various community and public facilities nearby.
- Services are existing and the proposed infill development will be able to connect with existing water pipelines, sewerage, stormwater and electricity – therefore making optimal use of existing infrastructure.
- The existing storm water canal is incorporated into the development – to form an attractive green strip. Walkways across the canal will be constructed. The area will be landscaped to form an attractive open space area.
- The development will contribute to the upliftment and sustainability of the community in the area.
- A range of residential options are provided for, thus creating a balanced neighborhood.
- The provision of residential erven with varying erf sizes will facilitate choice within the market to purchase a property within the buyer's financial capability.
- Compatibility with the surrounding character: The development pocket will be fully integrated with the existing developed neighbourhood even though the proposed average erf size of the new erven is less than the sizes found in the surrounding residential area. This is however required to allow for the development of affordable erven for the GAP Market.
- Development of the vacant portions of land could contribute to enhancing safety and security of the surrounding erven, mostly used as community and public facilities – often unattended at night.
- The proposed developments will contribute to answer the demand for affordable housing and thus contributing to the range of housing opportunities in the subject area and thereby ensuring the sustainable development of the area.

FINANSIËLE IMPLIKASIE

Wysigingsaansoek	:	R25 000
Advertering	:	R2 520
Opmeting	:	R70 000

Town and Country:

Phase 3 as per the plan you emailed has already been survey but I haven't been paid for the work due to the Mohlaleng saga. The costs would be:

Land Survey & General Plan : R57 798
Surveyor General Fees : R5 215

RAADSBSLUIT: 27 MAART 2018

Op 27 Maart 2018 neem die Raad die volgende besluit (17/2018):

Dat die aangeleentheid terugverwys word vir die voorgestelde herontwikkeling van Fase 3 van Area H, Bredasdorp en gereed is vir ter tafellegging.

UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE BESLUIT: 17 APRIL 2018

Op 17 April 2018 neem die UBK die volgende besluit (BK64/2018):

Dat die aangeleentheid terug verwys word sodat die voorgestelde uitleg aan die Raad voorgelê kan word.

KAM BEHUISINGSPROJEKTE VERGADERING: 16 MEI 2018

Tydens die Behuisingsvergadering op 11 April en 16 Mei 2018 word daar voorgestel dat die item weer aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word vir oorweging.

BESPREKING

Die volgende uitleg is gedoen **sonder** die kleuterskool perseel -en ook om die huisontwerp in ag te neem:

GAP erwe: 8
RDP erwe: 56



Die volgende uitleg sluit die kleuterskool perseel in:



GAP erwe:	16
Dupleks erwe:	16
Semi-detached erwe:	6

BESTUURSAANBEVELING

Dat Erf 5788, Bredasdorp behou word vir Gemeenskapsfasiliteite en/of Publieke Oopruimte doeleindes.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.

BESLUIT BK104/2018

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.3.15 **APPLICATIONS TO LEASE: PORTION 1344, BREDASDORP (LEBOMBO CAMP)**

The following report was considered by the Mayoral Committee on 19 March 2018:

“ANSOEK OM VERVREEMDING (HUUR): GEDEELTE ERF 1344, BREDASDORP (LEBOMBO KAMP) (COLLAB: 175848)

DOEL VAN VERSLAG

Om oorweging te skenk aan die versoek van mnr F Hendricks, I Prins, D Mintoer en Jong Gemengde Boerdery Primary Co-op ten einde 'n gedeelte erf 1344 (2ha), Bredasdorp te huur ten einde vir Veeboerdery doeleindes aan te wend (liggingsplan aangeheg op **bladsy 383**).

ALGEMENE INLIGTING

Eienaars : KAM
Eiendom : Erf 1344, Bredasdorp (Lebombo Kamp)
Huidige sonering : Landbou
Bestaande Grondgebruik : Meentgrond
Erf grootte : 24.4922ha
Voorgestelde grootte : 2ha

AGTERGROND

Die markwaarde van die genoemde eiendom is op 1 Desember 2017 aan die raad voorgelê.

MARKWAARDASIE

R24 695.00 per jaar
4 = R6 173,75 (per aansoeker)

R 6 173.75 per jaar	
JAAR 1 Markverwant - 80%	R 1 234.75
JAAR 2 Markverwant - 60%	R 2 469.50
JAAR 3 Marverwant - 40%	R 3 704.25
JAAR 4 Markverwant - 20%	R 4 939.00
JAAR 5 Markverwant	R 6 173.75
JAAR 6	R 6 173.75
JAAR 7	R 6 173.75
JAAR 8	R 6 173.75
JAAR 9	R 6 173.75
TOTAAL	R 43 216.25

Op 1 Desember 2017 neem die UBK die volgende besluit (BK216/2017):

Aangesien die eiendom, ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verhuur van gedeelte erf 1344, Bredasdorp (2ha elk) aan mnr F Hendricks, I Prins, D Mintoer en die Jong Gemengde Boerdery Primary Co-op vir 'n termyn van 9 jaar en 11 maande met die opsie om die huur vir 'n verdere tydperk te verleng, op voorwaarde dat:

- (i) Alle wetlike vereistes vir langtermyn verhuur nagekom word.
- (ii) Die gemeenskapswaarde van die projek en die feit dat die aansoekers volle verantwoordelikheid vir die opgradering van die grond moet aanvaar vir die volle termyn van die huurooreenkoms, word die huur bepaal op R6 173,75 per jaar per lid, vooruitbetaalbaar.
- (iii) Dat die standaard terugvalklousule ook duidelik in die kontrak vervat word.

'n Advertensie met die Raad se voorneme is geplaas op 19 Januarie 2018. Geen kommentare of besware is ontvang nie.

BESTUURSAANBEVELING: 19 MAART 2018

Dat die aangeleentheid terug verwys word na die LED afdeling vir verdere ondersoek wat ook verslae van Departement Landbou sal insluit.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE: 19 MAART 2018

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / That Management's recommendation be accepted.

UBK BESLUIT BK40/2018: 19 MAART 2018

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word."

The Department of Agriculture were approached to assist with an opinion of the viability of the projects, but in terms of their policy prescriptions they can unfortunately not assist until the applicants have a right to the land (Lease agreement). This is understandable, as they are a government department and have to abide by similar legislation to the Municipality in terms of fruitless and wasteful expenditure, which may be the case if they expend resources, declare the project viable and the Municipality does then not grant the applicants the right to lease.

From the Municipality's side, the challenges that sometimes arise from concluding a lease prior to receiving an expert opinion on the viability of the project are as follows:

- Lessees have to pay rental from the date that they occupy the land, but they have little or no income until such time as they receive support and often default on payment.
- Lessees have rights to and occupation of land that is not fit for purpose.
- Lessees are implementing projects that are just not sustainable in the long term, and in so doing preventing other more sustainable projects from being implemented on the land. Given that our available land is limited, this in particular is becoming a serious challenge.

We have always had a good relationship with the Department of Agriculture and although applications do take time, they are always more than willing to assist us. In the light of their limitations and the challenges that the Municipality faces, contractual measures were looked at as a possible solution to the problem. It is proposed that Resolution **BK216/2017** be implemented but that the following conditions of lease be included.

- That occupation of the land not be given until such time as written confirmation is received from the Department of Agriculture that the project is viable.
- That is be a suspensive condition that the aforementioned confirmation must be received within 12 months.
- That rental only be levied from the date of occupation and not signature of the lease agreement.

MANAGEMENT RECOMMENDATION

(i) That Resolution BK216/2017 which reads as follows be implemented:

Aangesien die eiendom, ingevolge Art 14(2)(a) van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet nie vir die lewering van die minimum vlak van basiese dienste benodig word nie, in-beginsel-goedkeuring verleen word vir die verhuring van gedeelte erf 1344, Bredasdorp (2ha elk) aan mnr F Hendricks, I Prins, D Mintoer en die Jong Gemengde Boerdery Primary Co-op vir 'n termyn van 9 jaar en 11 maande met die opsie om die huur vir 'n verdere tydperk te verleng, op voorwaarde dat:

- (i) Alle wetlike vereistes vir langtermyn verhuring nagekom word.
- (ii) Die gemeenskapswaarde van die projek en die feit dat die aansoekers volle verantwoordelikheid vir die opgradering van die grond moet aanvaar vir die volle termyn van die huurooreenkoms, word die huur bepaal op R6 173,75 per jaar per lid, vooruitbetaalbaar.
- (iii) Dat die standaard terugvalklousule ook duidelik in die kontrak vervat word.

- (ii) That the following conditions of lease be imposed:
1. That occupation of the land not be given until such time as written confirmation is received from the Department of Agriculture that the project is viable.
 2. That is be a suspensive condition that the aforementioned confirmation must be received within 12 months.
 3. That rental only be levied from the date of occupation, and not signature of the lease agreement.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

- (i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat die termyn van 12 maande verkort word na 6 maande vir bevestiging deur Departement Landbou.

BESLUIT BK105/2018

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.3.16 **BETAALPUNTE: OOP TYDENS ETENS UUR (DFD)**

DOEL VAN VERSLAG

Om die Raad in te lig omtrent die ondersoek na die moontlikheid om die betaalpunte oop te hou tydens die etensuur.

AGTERGROND

Daar was 'n versoek tydens die vorige Raadsvergadering dat die moontlikheid, om die betaalpunte tydens die etensuur oop te hou, ondersoek moet word.

Na aanleiding van die ondersoek, net die volgende:

1. Groot munisipaliteite het drie of vier kassiere en dus is dit moontlik vir hulle om beurte te maak om etenstyd te neem sonder om dienslewering te onderbreek. Finansies se personeel samestelling is van so aard dat ons net een kassier per kantoor of betaalpunt het. Ons beskik wel oor personeel wat as kassiere kan optree wanneer daar 'n noodgeval is of wanneer die kassier met verlof is.
2. 'n Kassier werk altyd alleen in sy geldlaai, want aan die einde van die dag is hy/sy verantwoordelik vir enige tekort/surplus wat mag ontstaan. Ten einde iemand anders te laat oorneem moet die kassier eers al sy transaksies afsluit en sy gelde balanseer. Dan moet die ander persoon eers die "float" tel en seker maak dit is reg voordat hy/sy kan begin werk. Hierdie proses kan tot 30 minute duur en vir daardie tyd moet die kassier gesluit wees en kan die publiek nie gehelp word nie.

In die lig gesien van die feit dat ons nie genoegsame kassierspersoneel het nie en die administratiewe proses om die geld van een kassier aan 'n ander oor te gee, is dit myns insiens nie moontlik om ons kassierspunte tydens etenstyd oop te hou nie.

Daar moet egter gemeld word dat geen kassier toemaak, etenstyd of huistoe gaan tyd, alvorens alle kliënte nie eers gehelp is nie.

BESTUURSAANBEVELING

Vir kennisname.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE

Dat verdere ondersoek gedoen word om betaalpunte tydens etensuur oop te hou.

BESLUIT BK106/2018

- (i) Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
- (ii) Dat die ondersoek na die oophou van betaalpunte tydens etensuur ook uitgebrei word na die Verkeersafdeling.

12. ONAFGEHANDELDE UBK BESLUIE

Besluit Nr	Onderwerp	Verkorte Besluit	Vordering	Verantwoordelike persoon
BK195/2013	Oorname van Elim Stortingsterrein (16/5/R)	(i) Met ODM onderhandel word alvorens oordrag plaasvind. (ii) Na 2014/2015 begroting verwys word.	<i>Tydens 'n vergadering tussen DEA, KAM, ODM en die Morawiese Kerk het die kerk besluit dat die stortingsterrein gesluit word. Vullis word per bakke karwy na Bredasdorp stortingsterrein.</i>	DSID
BK11/2014	Pad na Suiderstrand (16/3/3/2)	(i) In gesprek getree word met relevante rolspelers vir oorweging van 'n moontlike memorandum van ooreenkoms. (ii) Na afhandeling van die memorandum van ooreenkoms daar by die Provinsiale Minister van Publieke Werke aansoek gedoen word vir eksterne befondsing om die pad te herstel.	<i>SANPARKE gaan 1,2km van die pad plavei binne 2016/17 finansiële jaar. Wyksraadslid het reeds versoek om befondsing aan die minister gerig.</i>	DSID
BK18/2017	Publieke strate en oopruimtes: Suiderstrand	Dat 'n prokureur aangestel word om die geïdentifiseerde eiendomme aan die munisipaliteit oor te dra in terme van 'n endossement van die gemelde Art 16 van die Wet op Registrasie van Aktes.	<i>Mnr Kruger & Bignaut besig met oordragte.</i>	BSSB
BK218/2017	Vervreemding (koop): Erf 2789, Struisbaai	Dat die aangeleentheid terugverwys word vir verdere ondersoek en die inwin van 'n markwaarde as residensiële eiendom (in plaas van 'n publieke oop ruimte).		Eiendoms-administrasie
BK221/2017	Vervreemding (huur): Ged erf 1343, Bredasdorp	Dat die aangeleentheid terugverwys word sodat die Departement Landbou die dravermoë vir die aanhou van vee kan bepaal.		Eiendoms-administrasie
BK223/2017	Oorskryding: Ged erf 521, L'Agulhas	(i) Dat die aangeleentheid terugverwys word. (ii) Dat Dept Omgewingsake genader word vir hul insette ten opsigte van die wetlike implikasies. (iii) Dat die aangeleentheid teruggehou word in afwagting op die finale verslag van die Erfenis Beampte van Erfenis, Wes-Kaap.		Eiendoms-administrasie
BK39/2018	Vervreemding (huur): Erf 390, L'Agulhas	Dat 'n volledige ondersoek aangaande erwe 390 en 608, L'Agulhas uitgevoer word ten opsigte van hul toekomstige ontwikkelingspotensiaal.		Eiendoms-administrasie
BK40/2018	Vervreemding (huur): Ged erf 1344, Bredasdorp (Lebombokamp)	Dat die aangeleentheid terug verwys word na die LED afdeling vir verdere ondersoek wat ook verslae van Departement Landbou sal insluit.		Eiendoms-administrasie

Besluit Nr	Onderwerp	Verkorte Besluit	Vordering	Verantwoordelike persoon
BK41/2018	Vervreemding (koop): Erf 663, WHKrans	(i) Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir bespreking en daarna weer aan die Komitee voorgelê word. (ii) Dat die LED afdeling 'n volledige ondersoek oor genoemde erf doen, wat sal insluit die ontwikkeling van 'n moontlike gemeenskapsfasiliteit wat ook besighede insluit.		Eiendoms-administrasie
BK42/2018	Hersiening: Huurooreenkoms - Kindersorg, Napier	Dat 'n markverwante huurbedrag verkry word en na die Raad verwys word vir oorweging.		Eiendoms-administrasie

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Komitee kennis neem van die onafgehandelde besluite.

BESLUIT BK107/2018

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

Hierna gaan die Komitee In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie

dag van

2018

BURGEMEESTER

DATUM: